HERDERLIKE BRIEF
VAN DIE RING VAN MIDDELBURG
AAN HAAR ELF GEMEENTES...

Geliefdes in ons Here Jesus Christus.
Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees.

Ons Ringsitting is aangebied deur Middelburg-Suid te Dubula Lodge buite Middelburg en het op 20 en 21 Augustus 2010 ‘n aanvang geneem met Jesus se gebed in Johannes 17, naamlik dat almal een mag wees, net soos die Vader en Jesus een is en ons ook in Hulle een mag wees, sodat die wêreld kan glo !
Ons as gelowiges word opgeroep om onderling in ons gemeentes asook die Ring as familie van God, ons liefdesverbondenheid met mekaar in Jesus en die Vader daadwerklik uit te leef ! Veral in antwoord op die groot nood wat daar op allerlei wyses in ons gemeenskappe heers.
As Ringsfamilie is ons besorg oor die nood en behoeftes in ons gemeenskap. Twee organisasies wat die nood en behoeftes weergegee het is:
1) **Oikos projek vir hawelose mense:** Hulle het gemeentes en die gemeenskap se hulp nodig in die ontwikkeling van ‘n deurgangshuis en nagskuiling asook ‘n 12 bed sentrum vir rehabilitasie van alkohol afhanklikes. ’n Adhoc kommissie is benoem en ‘n versoek word aan gemeentes gerig om lidmate te nader wat deel kan wees in die uitvoer van die projek.
2) **Christelike Maatskaplike Raad –** Ons is dankbaar en neem kennis van hul werksaamhede. Ons is saam met die CMR besorg oor die finansiële tekorte wat hul beleef in die uitvoer van hul werk. ‘n DVD wat hul werksaamhede beskryf sal by elke gemeente gewys word. ‘n Beroep word op gemeentes gedoen om te kyk waar hul die CMR as welsyns-organisasie kan ondersteun.
Ons kon ook wonderlike verhale hoor van gemeentes wat deur die Here gebruik word tot groot geestelike seën en groei !
Verder is ons bly saam met Roossenekal gemeente, wat deur die genade van die Here hul 125ste bestaansjaar gevier het en Groblersdal met hul 70ste verjaarsdag. Die gemeente Kragveld word ook in ons Ring verwelkom.

Ons Ringgemeentes staan voor groot uitdagings en gryp die geleenthede aan, ten spyte van probleme, teenkanting en sake wat kommer wek, om werklik kerk van ons Here Jesus in die wêreld te wees. Ons bemoedig elke gemeente met : 1 Kor 15:58 *“Daarom , liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.”*
“ Mag die Here deur die Heilige Gees u as gemeente verder met wysheid toerus en versterk om liefdevol en volhardend die evangelie te leef in u unieke omstandighede en gemeenskap !

Saam in Sy diens.

<u>RINGSBESLUIT</u>: GOEDGEKEUR
Die vergadering oordeel dat elke gemeente die herderlike brief self hanteer.